



*NG Kerk Kraggakamma*

*Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai*

---

## **IS JY BANG?**

### **Karakters is Stofel, Lizzy en Wysmuis**

- Stoffel: Een , twee , drie....agt , nege , tien. Hier kom ek!!!  
Nou waar kruip daai Wouter en Lizzy weg?  
Maats..... het julle dalk vir Lizzy en Wouter gesien?  
As julle hulle sien..... moet julle my sê, hoor!
- Lizzy: [Gil] Aaahhhh! [kom op]
- Stoffel: [Skrik en gil] Aaaahhhh! Lizzy!  
Hoe laat jy my nou skrik! 1, 2, 3.. blok vir ..
- Lizzy: Help!! Help!!!
- Stoffel: Kalmeer ! Wat skree jy so?
- Lizzy: 'n Spinnekop! Daar's ..... daar's 'n spinnekop!
- Stoffel: 'n Spinnekop?
- Lizzy: Ja, ek het hier agter die verhoog weggekruip, toe loop daar 'n spinnekop oor my arm!
- Stoffel: Wat se spinnekop?
- Lizzy: Hoe bedoel jy wat se spinnekop?
- Stoffel: Was dit 'n groot harerige ene of 'n Daddy Longlegs  
of daai kleintjies wat so Spring?
- Lizzy: Wat maak dit saak wat se spinnekop dit was?  
Hy't sulke lelike rooi oë en groot harerige pote gehad.  
Oeee..... ek gril my dood!
- Stoffel: En is jy bang vir hom?
- Lizzy: Natuurlik, is ek bang vir hom. Dis 'n spinnekop!  
Hoor jy nie wat ek vir jou sê! Nie ek nie!!! Ek is bang vir NIKS!!!!

Lizzy: Nie eers vir 'n Groot Harerige een nie?

Stoffel: Natuurlik nie! Ek het een by die huis. Sy naam is Pote.

Lizzy: Oeeee... ek gril sommer weer!!!!

Stoffel: O gaats.... ek hoop nie dis hy wat uitgekom het nie.

Lizzy: Wel as dit is, beter jy hom vang.  
Anders gaan ek nooit weer by jou kom speel nie.

Wysmuis: [op] Hallo Lizzy..... hallo Stoffel. Wat maak julle?

Stoffel: Ons probeer wegkruipertjie speel,  
maar dit gaan maar moeilik want Lizzy is bang vir n spinnekop!

Lizzy: Ek kan nie help nie....hy't sulke rooi oë en harerige pote!

Wysmuis: En nou spot Stoffel jou seker omdat jy bang is?

Stoffel: Haai, hoe't jy geweet?

Lizzy: Ja, hy lag vir my.

Wysmuis: Ag nee, Stoffel, dis nie mooi om vir iemand wat bang is, te lag nie.

Stoffel: Hoekom nie? Dis baaaie snaaks.

Wysmuis: Hoe sal jy voel as iemand vir jou lag as jy bang is?

Stoffel: Dis 'n stupid vraag.

Wysmuis: Hoe dan so?

Stoffel: Want ek skrik nie vir koue pampoene nie! Want ek is bang vir NIKS!

Lizzy: Wag so n bietjie... Is jy seker, Stoffel?

Stoffel: Doodseker!

Lizzy: Ek dink nie dis heeltemal die waarheid nie.... Onthou jy verlede week toe jy moes mondeling praat voor die klas?

Stoffel: Ja?

- Lizzy: Jy het skielik gevries soos 'n yspilaar!!  
Jy kon nie 'n woord uitkry nie en jy het almal aangestaar met sulke  
GROOT piering oë!  
Juffrou het toe maar vir hom gesê om te gaan sit.
- Wysmuis: Klink vir my jy was bang, Stoffel.
- Stoffel: Mmmm... miskien.... maar dit tel nie!!! Lizzy is sommer nou lelik!
- Lizzy: Natuurlik tel dit! Jy was bang en skaam!!!!
- Stoffel: Ja, OK..... ek was skaam en dalk 'n bietjie bang.... almal dink ek is stupid.
- Wysmuis: Nou sien julle..... almal van ons is tog die een of ander tyd vir iets of iemand  
bang of partykeer is ons net skaam. Ek is byvoorbeeld doodbang vir 'n KAT!
- Stoffel: Ja, ons is skaam en bang, want ons is bang ander mense gaan vir ons lag!
- Lizzy: Eee...emmmm... daar het jy dit nou Stoffel!  
Lyk my jy skrik tog vir 'n koue pampoens!
- Wysmuis: Toe nou julle twee..... Kom, ek vertel gou vir julle wat die Bybel sê oor skaam  
en bang wees. In Romeine 1 staan daar dat ons nie hoef skaam te wees  
om die goeie nuus van Jesus vir mense te vertel nie, want God gee ons krag.  
En in Psalm 27 staan daar dat God ons red en daarom hoef ons vir NIKS of  
NIEMAND bang te wees nie!
- Lizzy: Sjoë , dankie Wysmuis. Dis nou goeie nuus. Ek gaan probeer om nie meer so  
bang te wees vir spinnekoppe nie. God is mos by my!!!
- Stoffel: O ja, en ek gaan nie meer skaam wees nie, veral nie om mense van Jesus te  
vertel nie!!
- Wysmuis: Oeee , ek is baaaie bly!
- Stoffel: O gaats! Arme Wouter..... hy wonder seker al wat van  
ons geword het, Lizzy ? Hy kruip nog die hele tyd weg.
- Lizzy: Ons beter hom gaan soek!
- Almal: Totsiens maatjies!! Tot volgende keer!!!!!!!

Geskryf deur Petru Vlok